
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 9: 13 Maart 2026



**Belangrike inligting:**


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Jaarbladfoto's | Bl. 6 |
| Kermis | Bl. 7-8 |



# Uit die kantoor

- Oranje se atlete het die afgelope naweek tydens die Vrystaat kampioenskap in Sasolburg uitstekend presteer. Veels geluk aan die atlete wat in die Vrystaatspan ingesluit is en wat volgende naweek aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap in Stellenbosch gaan deelneem. Baie dankie aan mevv. Chandriné Jones en Jacolene Calitz wat as spanbestuurders opgetree het tydens die byeenkoms. Uitslae op bladsy 4.
- Op Dinsdag, 17 Maart, word jaarbladfoto's geneem. Vir meer inligting lees op bladsy 6 in Eendjienuus.
- Baie sterkte aan die dogters wat volgende naweek aan die Suid-Afrikaanse Tweekamp kampioenskap in Oudtshoorn gaan deelneem.
- Donderdag, 19 Maart, vind ons jaarlikse Kermis met die tema: See en Strand, plaas.

  Ons nooi 'n ieder en 'n elk uit om van 09:00 tot 13:30 saam met ons kermis by die skool te kom hou. Daar is hope pret vir die kinders met talle speletjies en lekkernye. 'n Verskeidenheid op die spyskaart waarvan u kan kies en keur. Ouers kan in die teetuin ontspan. Speletjiesbandjie is R120, betaalbaar op Karri. Dit gee u dogter toegang tot al die speletjies.
- Die toetsweek eindig Dinsdag, 17 Maart. Die akademiese program gaan normaal voort na die toetsweek. Die skool sluit op Vrydag, 27 Maart, om 10:00.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 14 Maart: | Tannie Nicolette verjaar |
| 16 Maart: | IF Toetsweek |
| 17 Maart: | Voedselprojek Gr. 3B<br>IF Toetsweek<br>Jaarbladfoto's 09:00 - 13:00<br>Konsertoudisies Gr. 6 en 7, 16:30 in personeelkamer |
| 18 Maart: | Buitemuurs staak, behalwe toerspanne<br>Konsertoudisies Gr. 6 en 7, 16:30 in personeelkamer |
| 19 Maart: | Voedselprojek Gr. 3C<br>Kermis<br>Atletiek: SA's Wes-Kaap<br>Konsertoudisies Gr. 6 en 7, 16:30 in personeelkamer |
| 20 Maart: | Tweekamp: SA Kampioenskap Oudtshoorn<br>Atletiek: SA Kampioenskap Wes-Kaap |
| 21 Maart: | Menseregtedag<br>Juff. Mariska en Monya verjaar<br>Graad 1-netbaldag by Fichardtpark<br>Tweekamp: SA Kampioenskap Oudtshoorn<br>Atletiek: SA Kampioenskap Wes-Kaap |
| 23 Maart: | Beloningsdag Gr. 1-7<br>Netbal: Graad 1 toernooi by Bloemfontein Laer |
| 24 Maart: | Voedselprojek Gr. 2A<br>Netbal: Gr. 2 en 3 toernooi by Bloemfontein Laer |
| 26 Maart: | Tannie Lanel verjaar (Preprimêr)<br>Voedselprojek Gr. 2B<br>Hokkie: All Girls Festival vertrek |
| 27 Maart: | Skool sluit 10:00<br>Hokkie: All Girls Festival |
| 28 Maart: | Hokkie: All Girls Festival |
| 29 Maart: | Hokkie All Girls Festival<br>Netbal: spanne vertrek na Paarl |

# Atletiek

Die volgende dogters het op 8 Maart deelgeneem een die Vrystaat atletiekkampioenskap in Sasolburg en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| o. 10 | | |
| Miné Zwiegelaar: | 80m | 5de |
| | 70m hekkies | 2de |
| Mari du Plessis: | 70m hekkies | 5de |
| Miané Wessels: | 80m | 6de |
| | 100m | 5de |
| Catie Botha: | Hoogspring | 1ste |
| | Verspring | 2de |
| Lené Jansen van Vuuren: | Hoogspring | 5de |
| | Verspring | 5de |
| Lenike van den Berg: | 1200m | 8ste |
| Jordan de Witt: | Gewigstoot | 8ste |
| o. 11 | | |
| Elmaré Naudé: | 1200m | 1ste |
| Lizé Husselmann: | Hoogspring | 1ste |
| Lexi Schutte: | 70m hekkies | 4de |
| | Hoogspring | 5de |
| Mianique van Straaten: | 70m hekkies | 3de |
| o. 12 | | |
| Lea Cilliers: | 1200m | 5de |
| Anné Koortzen: | 150m | 4de |
| Liané Heckroodt: | Verspring | 6de |
| o. 13 | | |
| Ella Myburgh: | 100m | 2de |
| | 200m | 3de |
| Almy Wessels: | 800m | 4de |
| Annebel Fick: | 75m hekkies | 1ste |
| | 200m hekkies | 1ste |
| Zea Vorster: | 200m hekkies | 3de |
| Chloë Smith: | Hoogspring | 3de |
| Guliana Rudman: | Diskus | 2de |
| | Gewigstoot | 4de |
| | Spiesgooi | 5de |

Oranje se o. 10-, o. 11- en o. 13-dogters wen die trofees vir die beste meisiespanne in die Vrystaat in die spesifieke ouderdomsgroepe.

Oranje Primêr word aangewys as die algehele beste meisieskool in die Vrystaat en bring die trofee vir 'n derde jaar in 'n ry huistoe.



Baie geluk aan die volgende atlete wat gekwalifiseer het vir die Vrystaat atletiekspan wat vanaf 19 tot 21 Maart aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampsioenskap by Groenpuntstadion in Kaapstad gaan deelneem.

| | |
|---|---|
| o. 10 | |
| Catie Botha: | Verspring en hoogspring |
| Miné Zwiegelaar: | 70m hekkies |
| o. 11 | |
| Elmaré Naudé: | 1200m |
| Lizé Husselmann: | Hoogspring |
| Mianique van Straaten: | 70m hekkies |
| o. 13 | |
| Guiliana Rudman: | Diskus |
| Ella Myburgh: | 100m en 200 |
| Chloë Smith: | Hoogspring |
| Zea Vorster: | 200m hekkies |
| Annebel Fick: | 75m hekkies |
| | 200m hekkies |




# Sport

# Tennis

Die volgende dogters het op 6 tot 8 Maart deelgeneem aan die TSA Mini Tennistoernooi en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Grace Dippenaar | 1ste |
| Mikela Kritzinger | 4de |
| Erin Dippenaar | 5de |

# Swem

Baie geluk aan ons volgende swemmers:

Carinke Wessels o.13
Lisa le Roux o.12
Kailah Nel o.12
Lea Cilliers o. 12

Hierdie drie dogters is ingesluit in die Vrystaatskole swemspan. Hulle gaan die Vrystaat vanaf 23 tot 27 April verteenwoordig by die SA skole swemkampioenskap in Kaapstad. Baie geluk, ons is baie trots op julle!

# Dans

Die volgende dogters het op 7 Maart deelgeneem aan die All Black Dance Festival en soos volg presteer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Zoë van Niekerk: | 11 jaar en jonger | Syllabus Slow | 3de |
| | 9 jaar en jonger | Intermediate Slowdance | 4de |
| | 9 jaar en jonger | Intermediate Freestyle Solo | 5de |
| Nelize Sieberhagen: | 7 jaar en jonger | Beginner Freestyle Solo | 2de |
| | 7 jaar en jonger | Novice Slowdance Solo | 2de |
| Zelri Scott: | 8 tot 9 jaar | Novice Slowdance | 2de |
| | 11 jaar en jonger | Novice Freestyle Couples | 2de |
| | 8 tot 9 jaar | Novice Freestyle Solo | 7de |
| Ansuné Swanepoel: | 10 tot 11 jaar | Beginner Freestyle Solo | 4de |
| | 10 tot 11 jaar | Beginner Slowdance Solo | 4de |

Denise Breytenbach is op 6 Maart genooi na die SADTA Prestige Awards-seronomie vir 2026 en ontvang die volgende toekennings vir die dans:

Vrystaat merieteklere vir:
Disco Dance Solo
Disco Slowdance Solo
Disco Duo
Disco Smallgroup

Nasionale merieteklere vir:
Disco Dance Solo
Disco Slowdance Solo
Disco Duo
Disco Smallgroup

Denise kwalifiseer vir die volgende wêreldkampioenskappe vir 2026 vir:

IDTA Freestyle Wêreldkampioenskap in Engeland vir Freestyle.
IDO Disco Dance Wêreldkampioenskap in Swede vir beide Disco Solo, Disco Duo en Disco Smallgroup.
IDO Disco Slowdance Wêreldkampioenskap in Swede Vir Disco Slowdance.

Sy ontvang haar Proteaklere in vier kategorieë vir 2026.

## *Eerste kwartaal fotodag:*

- ✓ Foto's word geneem op 17 Maart vanaf 09:00.
- ✓ Dogters moet die korrekte somersdrag aantrek met netjiese hare volgens die reëls.
- ✓ Juffrouens sal deurgee indien sy spesiale klere moet saam bring vir sekere foto's.
- ✓ Geen foto sal uitgestel word nie.
- ✓ Indien sy nie die korrekte klere aan het nie, sal sy nie afgeneem word nie.

## *17 Maart 2026 (09:00)*

1. Skoolleerderraad, koshuisleiers en biblioteekleiers met baadjies aan
2. Gr. 7 formele- en informele foto
3. Dogters wat vanaf gr. 1 tot gr. 7 op Oranje was.
4. Koshuisleerders met hul koshuishempie en denim kortbroek.
5. Tweekamp deelnemers. (moes in 4 deelgeneem het)
6. Albei kore, orkes en marimbagroepe
7. Musiekleerders wat BY DIE SKOOL MUSIEK NEEM (bring instrument)
8. Dogters wat AAN DIE SKOOL REDENAARS deelgeneem het
9. Huisleidsters.
10. OMS atletiekspan
11. Tweekampdeelnemers wat aan 3 ligas deelgeneem het.
12. OMS swemspan (bring eendjiehanddoek)
13. Amanda Coetzer deelnemers




PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE
KERMIS
See en Strand
Donderdag, 19 Maart
09:00 - 13:30
Speletjiesbandjies
vir Preprimêre dogters teen R45
en vir Primêre dogters teen R120
Verskeie kosstalletjies beskikbaar
vir die publiek by Oranje Primêr!


GRAAD 1
se
roomys &
gesigverf
Soft serve roomys
in bakkies
R10
Stokkie roomys – R5
ESKIMO TOFFEE
Ice Cream Lollies
Melkysies – R5
Kom verf jou gesig
vir R10
Ons sien jou by die
KERMIS!


Graad 2
SIT JOU SHADES OP,
EN KOM GENIET DIE
LEKKERSTE SEE-SOETGOED
BY ONS STALLETJIE!
WAT WAG VIR JOU?
Kondensmelkspuite
Donuts
Spookasem
En nog vele meer soet verrassings!
Alle items
kos net
R5 – R20


ORANJE
KERMIS
GRAAD 3
Pannekoek
SLEGS R7
PER PANNEKOEK


THE SURFSHOP TEETUIN
19 MAART 2026
08:00 - 13:00
KOM KUIER SAAM IN ONS SURFSHOP TEE TUIN
BESTEL JOU KAARTJIE TEEN R65.00 OP karri
Gr.4
As iets jou dryf tot kookpunt maak die surfshop graag tee vir twee.


Seedier Smake!
Kerrie en Rys R 45
Vetkoek met Maalvleis R 30
Vetkoek met Kaas en Konfyt R 20
Kom ondersteun die
Graad 5'e


Graad 6
OMS HOU KERMIS!
Boereworsrol R 25
Kaasworsie-rol R 25
Sosatierol R 30
Boerewors R 20
Kaasworsie R 20
Sosatie R 25
(Bees of Hoender)


KERMIS
19 MAART 2026
09:00 TOT 13:00
SEE EN STRAND
HEERLIKE KOUE KOELDRANKE R15
VRUGTE PONSE R15
GR. 7
EILAND LAFENIS



# Gedagte vir die week

## Vriende vorm mekaar

Twee vriende wat werklik vir mekaar omgee, het
'n onuitwisbare invloed op mekaar.  As jou vriend eerlik is,
gaan jou oneerlikheid jou kort voor lank so
pla dat jy daarmee gaan ophou.  As jy weet dat jou vriend
nie daarvan hou as jy kragwoorde gebruik nie,
gaan jy jou bes doen om van die slegte gewoonte ontslae te raak.
Ongelukkig is die teenoorgestelde ook waar.  Slegte vriende kan 'n
negatiewe invloed op jou hele lewe hê.
As jou vriende verkeerde goed doen, is dit feitlik vanselfsprekend
dat jy op die ou end hulle voorbeeld gaan volg.
Maak seker dat jou invloed op jou vriende altyd positief is.
Ware vriende sien ook kans om mekaar tereg te wys
as dit nodig sou word, al is dit nie altyd maklik
of lekker om dit te doen nie.

*Yster slyp yster, vriende vorm mekaar.*
*(Spreuke 27:17)*

Nina Smit




# Advertensies